



HOËRSKOOL OVERKRUIN

2021



GEDRAGSKODE



GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOLOVERKRUIN (LEERDERS)

INHOUDSOPGAWE

1.	MISSIE	2
2.	INLEIDING	3
3.	DOEL	3
3.1	Menseregte	3
3.2	Toegerustheid.....	3
3.3	Respek vir onderwysers, nie-onderwyspersoneel en besoekers.....	4
3.4	Voorkoms	4
3.5	Afwesigheid	4
3.6	Laatkom vir skool/opening/klas	5
3.7	Gedrag tydens opening	5
3.8	Akademie	5
3.9	Netheid van die omgewing.....	6
3.10	Verbode terrein	6
3.11	Beskadiging van eiendom.....	6
3.12	Taalgebruik.....	6
3.13	Klasontduik/klasverlaat	7
3.14	Selfone	7
3.15	Rook/In die teenwoordigheid van rokers	7
3.16	Uittekenprosedure.....	7
3.17	Eerlikheid	8
3.18	Ordereëlins en skoolroetine	8
3.19	Kommunikasie met ouers/voogde	9
3.20	Buite-kurrikulêre aktiwiteite	9
3.21	Akademie se oortredings	9
3.22	Algemene veiligheid	10
4.	OORTREDINGS WAT KAN LEI TOT TYDELIKE SKORSING OF PERMANENTE UITSETTING.....	11
4.1	Skedule 1- en 2-oortredings.....	11-12
4.2	Sanksie van skorsing of permanente uitsetting.....	12
4.3	Ewekansige deursoeking, beslaglegging en dwelmtoetsing.....	13
5.	OPTREDE IN GEVAL VAN OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE	13
6.	DEBIETPUNTE	13-16
7.	KREDIETPUNTE VIR SKOOLAKTIWITEITE	17-18
8.	BYLAAG A: VOORKOMSREËLS	19-22
9.	BYLAAG B: BELEID INSAKE DIE GEBRUIK VAN TABAKPRODUKTE IN DIE SKOOL	23
10.	BYLAAG C: SELFOONBELEID	24
11.	BYLAAG D: DETENSIE.....	25
12.	HANDTEKENINGE	26

GEDRAGSKODE VAN HOËRSKOOLOVERKRUIN AANHEF

Die gedragskode van Hoërskool Ovekrui is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (“die Skolewet”); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 76 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasie met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir die Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

Die gedragskode onderskryf en respekteer die demokratiese beginsels van vryheid, gelykheid en menswaardigheid soos in die Grondwet vervat. Dit onderskryf verder die belang van versoening, onderrig, leer, wedersydse respek en die vestiging van ’n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool.

Alhoewel die Staat die verpligting het om onderwys en opleiding beskikbaar te stel, moet dit aangevul word deur die toewyding en die aanvaarding van mede-verantwoordelikheid deur die ander rolspelers in die onderwys, te wete, leerders, opvoeders en ouers. Hierdie gedragskode staan ondersteunend tot hierdie taak.

1. MISSIE

Die missie van Hoërskool Ovekrui is toekomsgerigte, opvoedkundige onderwys om die ideale van die leerders optimaal te verwesenlik. Hoërskool Ovekrui wil hierdie missie realiseer deur:

- Christelike onderwys binne ’n nasionale strewe met besondere klem op aspekte wat waardevol en behoudend is.
- ’n Konstruktiewe gesindheid teenoor die skoolomgewing te vestig en uit te bou.
- Toegewyde gerigtheid jeens alles en almal op alle terreine van die skool.
- Uitnemende lewens- en vormingstandaarde.
- Optimale lewensvervulling.

Hoërskool Ovekrui het ’n Christelike karakter en streef die volgende waardes na:

RESPEK	Omdat ek na die beeld van God geskape is, het ek selfrespek en toon ek te alle tye respek aan my medemens en omgewing.
BALANS	Ek woeker op alle terreine met die talente wat God aan my toevertrou het.
LOJALITEIT	Ek gehoorsaam alle skoolreëls, ondersteun en beskerm alle mede-leerders, tradisies en aktiwiteite van die skool.
INTEGRITEIT	My woord is my eer en ek verafsku dubbelstandaarde. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my dade.
UITNEMENDHEID	Ek gee en doen altyd meer as wat van my verwag word.

Ek weet dat God my die krag gee om my erekode daagliks uit te leef. Ek is trots daarop om ’n Ovie te wees. Ek kyk ver.

2. INLEIDING

Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Die gedragskode dien as riglyn vir die optrede van leerders. 'n Ovie se gedrag kan dus gemeet word aan die mate waarin hy/sy die skool se gedragskode onderskryf en respekteer.

Daar word verwag dat 'n leerder wat by die skool ingeskryf is, en sy/haar ouers/voogde hulle sal vergewis van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan. Verder impliseer inskrywing by die skool dat die leerder en sy/haar ouers/voogde die gedragskode aanvaar en noudeset sal nakom. Indien 'n leerder die gedragskode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teen hom/haar opgetree word.

Wetlik staan die onderwyser, by die skool, in plek van die ouer. Leerders word toevertrou in die sorg van die onderwysers gedurende skoolure, waarin die onderwyser die leerders moet onderrig en dissipleneer volgens die skool se gedragskode.

3. DOEL

Die doel van die gedragskode is:

- om positiewe dissipline te bevorder.
- om self-dissipline aan te leer.
- om voorbeeldige en opbouende gedrag te vestig.
- om 'n positiewe gedragsverandering by leerders te bewerkstellig.
- om 'n kultuur van leer en onderrig te bevorder.
- om 'n waardegedrewe volwassene die samelewing in te stuur.

Om in die doel te slaag word daar van 'n ware Ovie verwag om hom/haar aan die volgende reëls te onderwerp.

3.1 Menseregte

'n Ovie is bewus dat hy/sy oor menseregte ingevolge die Grondwet beskik, maar erken dat medeleerders en opvoeders dieselfde regte het en sodanige regte moet respekteer. Hy/sy is ook bewus daarvan dat die regte beperk mag word ingevolge die Grondwet.

3.2 Toegerustheid

'n Verantwoordelike Ovie sorg dat hy/sy toegerus skool toe kom, met:

- al die nodige skryfbehoeftes.
- boeke en handboeke.
- sy/haar dagboekie en rooster.
- 'n skooltas (seil of leer) wat die boeke sal beskerm.

'n Ovie het respek vir eiendom. Moenie waardevolle items, o.a speelgoed, Mp3's, kameras, skaatsplanke ens. skool toe bring nie. Moenie jou tas of sak buite die

klas/sluitkassies laat nie (behalwe waar dit so vir jou aangewys word), aangesien dit die eenaar se verantwoordelikheid is om dit op te pas.

3.3 Respek vir onderwysers, nie-onderwyspersoneel, besoekers en medeleerders

'n Ovie respekteer onderwysers as hul opvoeders en beloof hul heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat hulle van opvoeders mag ontvang. Leerders respekteer die opvoeders as volwassenes en erken dat hulle opleiding en ervaring die leerders tot voordeel kan strek. Daarom onderneem die leerders om hul volle samewerking aan opvoeders te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.

Die bydraes tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog geag. Daarom sal 'n Ovie ook teenoor hierdie personeel met agting en respek optree. Besoekers aan die skool, soos superintendente, besigheidsmense en ouers, dra die skool se welsyn op die hart en sal te alle tye met respek en hoflikheid bygestaan word.

In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheering aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe aanleiding gee. Leerders moet respek vir die gereg (law) en vir kultuurverskille van ander toon. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

3.4 Voorkoms – Bylaag A

'n Lojale Ovie dra die skool se klere en kleure met trots. Elke Ovie is 'n lewende bemarker in die straat. 'n Ovie respekteer hom-/haarself en mede-Ovies.

- Kom die voorskrifte t.o.v. skooldrag en voorkoms stiptelik na.
- Is korrek geklee volgens die voorskrifte wanneer hy/sy deelneem aan sport of wanneer hy/sy byeenkomste bywoon om die skool en maats te ondersteun.
- Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul mede-leerders in 'n slegte lig kan stel.
- Sien bylaag A vir voorkomsreëls.

3.5 Afwesigheid

Integriteit vereis dat:

- 'n Ovie slegs afwesig is weens siekte of 'n ander ernstige of dringende saak.
- hy/sy die eerste dag wat hy/sy weer terug is by die skool, 'n brief van sy/haar ouer/voog waarin die rede vir die afwesigheid aangetoon word, by die klasvoog in handig.
- indien hy/sy twee of meer dae afwesig is, hy/sy 'n mediese sertifikaat sal indien.

- indien hy/sy gedurende 'n geskeduleerde toets of eksamen afwesig is, 'n wettige mediese sertifikaat sal inhandig om sodoende nie die punte te verloor nie.
- hy/sy self die skoolwerk wat a.g.v. die afwesigheid verloor het, sal inhaal.
- navrae mag gedoen word oor die verskoning van afwesigheid.
- Indien die leerder 10 dae aaneenlopend, sonder mediese sertifikaat, afwesig is, word hy/sy onmiddellik ge-deregistreer en moet hy/sy her-aansoek doen vir toelating by die skool.

'n Leerder wat afwesig is sonder 'n geldige rede, maak hom/haar skuldig aan skool-ontduiking.

3.6 Laatkom vir skool/opening/klas

- Wanneer die klok om 07:20 lui, beweeg jy na die vierkant/saal vir opening.
- Leerders wat vroeg by die skool afgelaai word, moet binne die skoolterrein bly en mag nie na vulstasies, winkelsentrums of na vriende se huise gaan nie.
- 'n Ovie het respek vir sy eie en ander se tyd en daarom sal hy betyds wees.
- 'n Ovie wat laat kom vir skool, sorg dat sy ouer/voog 'n brief skryf wat die rede vir die laatkom aandui. Meld voor die administratiewe kantoor aan waar 'n onderwyser jou sal ontvang.
- Indien 'n Ovie laat kom sonder 'n skriftelike verskoning, ontvang hy/sy 10 debietpunte.
- 'n Ovie beweeg flink en vinnig tydens wisseling van een klas na 'n ander. Hy/sy drentel of kuier nie rond nie en gaan nie badkamer toe nie, aangesien jy die beskikbare akademiese tyd ten volle wil benut. Wanneer die 4-minute klok lui, is jy dus reeds in jou volgende klas.

Ouers word gemaan om te sorg dat leerders betyds by die skool opdaag.

3.7 Gedrag tydens opening

'n Lojale en respekvolle Ovie is deel van sy/haar graadgroep en staan tydens opening in die area wat vir hom/haar aangedui is. Tree in klasverband vir opening aan.

- Geen hande in die sakke nie.
- Kyk vorentoe en bepaal die aandag by die verrigtinge.
- Moenie eet of drink nie.
- Geen **selfoon**, leerwerk, huiswerk of ander dinge wat die aandag aflei nie.
- Gedrag op die vierkant en in die saal sal onberispelik wees.

3.8 Akademie

'n Verantwoordelike Ovie kom sy/haar akademiese verpligtinge pligsgetrou na.

- Gehoorsaam die onderwysers se klasreëls.
- Alle werk moet eties gedoen/afgehandel word.
- Doen huiswerk selfstandig en met ywer.
- Handel opdragte stiptelik af.
- Moenie boeke of werksopdragte en take tuis vergeet nie.
- Moenie die klasroetine ontwig nie.
- Sorg dat 'n selfoon afgeskakel en weggebêre is.
- Geen eet en drink tydens lesperiodes nie.

Plagiaat

- Alle portefeulje werk moet die leerder se eie werk wees.
- Indien leerders van ander bronne gebruik maak, moet die leerder erkenning aan die skrywer in 'n bronnelys gee.
- Indien die leerder nie erkenning aan die skrywer gee nie, maar die werk direk oorskryf/aanbied sal die leerder nul vir die opdrag kry.
- Dieselfde geld as iemand die leerder se werk vir hom/haar doen.

'n Lojale Ovie sorg dat sy/haar optrede nie sy/haar maats die geleentheid ontnem om ten volle by die onderrig/leerproses te baat nie.

3.9 Netheid van die omgewing

'n Ovie het respek vir sy/haar omgewing en daarom is dit vir hom/haar belangrik om die skoolterrein en klaskamer skoon en netjies te hou.

- Neem verantwoordelikheid om die skoolterrein netjies te hou en nie rommel te strooi nie.
- Hou klaskamers skoon en netjies.
- Leerders mag nie met balle tussen die geboue naby vensters speel nie.

3.10 Verbode terrein

'n Verantwoordelike Ovie sorg dat hy/sy weet op watter deel van die terrein hy/sy mag beweeg en watter dele verbode terrein is. Die volgende is verbode terreine:

- klasse, tydelike klasse, voor Meganiese Tegnologiesentrum, gebied tussen C-blok en Meganiese Tegnologiesentrum en stoepe tydens pouse en voor en na skool.
- hokkievelde, netbal- en tennisbane tydens pouse, klastyd en voor skool.
- die snoepie tydens klastyd en toesigperiodes.
- toesluitkassies ná opening en tydens klastyd.

3.11 Beskadiging van eiendom

'n Ovie respekteer sy/haar eie en ander se eiendom.

- Pas alle eiendom op.
- Krap/skryf nooit op banke, stoele, mure of tasse nie.
- Pas handboeke op en trek alle handboeke netjies oor.
- Indien 'n leerder skuldig bevind word aan opsetlike saakbeskadiging van enige eiendom op die skoolgrond, mag die koste van die leerder verhaal word.
- Leerders en ouers/voogde neem verantwoordelikheid vir skool- en ook ander leerders se eiendom wat per ongeluk beskadig word.

3.12 Taalgebruik

'n Ovie toon respek teenoor almal wat met hom/haar te doen kry deur te let op sy/haar taalgebruik.

- Kru- en onweloweglike taal word nie gebruik nie.
- Groet almal vriendelik.

3.13 Klasontduik/klasverlaat

'n Ywerige Ovie

- doen pouse wat nodig is, sodat dit nie nodig is om tydens die lesperiode die klas te verlaat nie.
- loop nie met allerhande voorwendsels tydens lestyd rond nie.
- verlaat slegs die klas met 'n pas.
- is nie afwesig van klas of verlaat 'n klas sonder toestemming van die onderwyser nie.
- sorg dat hy/sy luister wanneer daar toesig gereël word (toesigklas is 'n akademiese periode waartydens skoolwerk gedoen word). 'n Ovie se integriteit verseker dat hy/sy toesigpersoneel se name en klaskamers ken en dat hy/sy wel by hierdie personeel aanmeld wanneer 'n personeellid afwesig is.

'n Ovie wat by die skool siek word, kan slegs by die kantoor toestemming ontvang om in die siekekamer te gaan lê totdat sy/haar ouers hom/haar kom haal.

3.14 Selfone – Bylaag C

'n Ovie se integriteit en respek vir ander laat hom/haar nie toe om sy/haar selfoon tydens skooltyd te gebruik nie.

- Tydens klas en tussen periodes moet 'n selfoon in alle opsigte onaktief en weggebêre wees.
- Geen selfoon in die hand of op die skoot nie.
- 'n Selfoon moet voor opening vir die duur van die skooldag afgeskakel word en mag eers weer 14:00/Vrydag 13:30 aangeskakel word.
- Leerders mag nie self hulle ouers skakel om hulle by die skool te kom haal nie.

Die oortreding van hierdie reël sal konfiskering en 'n heffing tot gevolg hê.
(Sien Bylaag C)

3.15 Rook/In die teenwoordigheid van rokers – Bylaag B

'n Ovie bewys sy/haar integriteit en lojaliteit deur:

- nie in skooldrag, op die skoolterrein, by skoolfunksies en buite die terrein in skooldrag te rook nie.
- nie vuurhoutjies, sigaretaanstekers, sigarette, e-sigarette, hubblies of tabak skool toe te bring of in besit te hê nie.
- nie in die teenwoordigheid van rokers te wees nie.

3.16 Uittekenprosedure

'n Ovie het integriteit en weet hy/sy kan die skoolterrein tussen 07:20 en 14:00/Vrydag 13:30 slegs met toestemming verlaat – selfs as 'n ouer hom/haar by die skool kom haal. Aangesien die skool die verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van die leerders, word ouers versoek om die uittekenprosedures te volg.

Indien 'n Ovie die skoolterrein moet verlaat word die korrekte uitteken prosedure gevolg.

- Leerder moet 'n ondertekende brief van ouers skool toe bring. E-posse word slegs aanvaar indien daar 'n telefoonnommer is waarmee e-pos bevestig kan word.

- Brief moet in voogperiode by me. Ras in die kantoor, ingehandig word.
- Leerder moet 5 minute voor die ouer hom/haar kom haal by die kantoor aanmeld.
- Ouers teken leerder persoonlik by me. Ras uit.
- Indien leerder terrein verlaat met eie vervoer moet 'n geel brief by die hekwag ingegee word. Leerder ontvang geel brief by Me. Ras in die kantoor.
- Daar moet 'n toestemmingsbrief van die ouer wees as die leerder deur enige ander persoon as die ouer uitgeteken word.
- Leerders mag nie self hulle ouers skakel om hulle te kom haal nie. Die oproep kan in die katoor by me. Booysen gemaak word.
- **SIEKEKAMER:** Indien leerder siek word by die skool, moet die leerder by me. Ras inboek vir die siekekamer. Indien ouer die leerder kom haal, teken die ouer by me. Ras uit.

'n Ywerige Ovie poog om, waar moontlik, geen doktersafsprake, bestuurderslisensie of ander afspraak tydens skoolure te maak nie, om sodoende nie werk te mis wat later weer met moeite ingehaal moet word nie. 'n Ovie ontvang net 'n sertifikaat vir getroue skoolbesoek indien hy/sy elke dag by die skool was en nooit stokkiesgedraai het nie.

Tydens skoolure is die Ovies die skool se verantwoordelikheid. In geval van 'n besering tydens skoolure, moet dit dadelik by die kantoor aangemeld word.

3.17 Eerlikheid

Integriteit dwing 'n Ovie om te alle tye eerlik te wees en daarom sal hy/sy hom weerhou om:

- handtekeninge na te maak.
- 'n vals naam op te gee.
- huiswerk of portefeulje-opdragte af te skryf en as sy/haar eie aan te bied.
- oneerlik te wees in toetse of eksamens.
- valse verklarings af te lê.

'n Ware Ovie maak hom/haar nie skuldig aan bedrog van enige aard nie.

'n Ovie se lojaliteit dwing hom/haar om inligting wat nodig is vir die veiligheid van ander, of vir die goeie orde en dissipline van die skool, onmiddellik bekend te maak. Indien nodig, kan sodanige verskaffing van inligting in kamera geskied (Wet 50 van 2002) of in die vorm van 'n volledige brief in die Snikblik, buite die administratiewe gebou, geplaas word. Die inligting sal vertroulik hanteer word.

3.18 Ordereëlins en skoolroetine

'n Betrokke Ovie weet om:

- in die klas dadelik boeke uit te haal, tasse netjies te plaas en te gaan sit sodra die onderwyser gegroet het.
- na die afkondigings voor skool, pouse en aan die einde van die skooldag te luister.

- eers die klas te verlaat na die afkondigings gemaak en afgesluit is, wanneer die klok 14:00/Vrydag 13:30 lui.

'n Ovie maak hom/haar nie skuldig aan staking, massa-optrede of ontgroening nie. (Slegs die MLR is by die Gr. 8-oriëntering betrokke.) Sulke optrede word ter wille van almal se veiligheid ten strengste deur die Skolewet verbied.

3.19 Kommunikasie met ouers/voogde

'n Ovie met integriteit oorhandig getrou alle omsendbriewe of ander kommunikasie van die skool aan sy/haar ouer/voog. Indien daar 'n sekerbriefie is, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag, aan die klasvoog terugbesorg.

- Inligting is ook op die School Communicator en webwerf (www.overkruin.com) beskikbaar.
- 'n Ovie se ouers/voogde word drie keer per jaar oor sy/haar akademiese vordering ingelig wanneer 'n rapport aan die ouer/voog gestuur word.
- Aangeheg aan die rapport is die debiet- en kredietpunte.
- Daar is twee oueraande.
- Aangesien daar ook via e-pos/sms'e met ouers/voogde gekommunikeer sal word, word ouers/voogde gemaan om seker te maak dat hulle die skool te alle tye van hul selfoonnommers en veranderings in die verband inlig.

'n Ovie se ouers/voogde word uitgenooi om enige probleem via die klasvoog, graadhoof of dissiplinehoof met die skool te kommunikeer.

3.20 Buite-kurrikulêre aktiwiteite

'n Lojale Ovie hou by die bepaling van die skool se gedragskode, selfs by aktiwiteite na skool of by ander skole.

'n Uitnemende Ovie bring sy/haar kant met ywer deur by verskeie aktiwiteite van die skool betrokke te raak. Elke sport en buitemuurse aktiwiteit beskik oor 'n geskrewe konstitusie wat die gedragskode ondersteun. 'n Trotse Ovie wat aan enige skoolaktiwiteit deelneem, onderskryf hierdie konstitusie. 'n Ovie is 'n ambassadeur vir die skool. Sy/haar gedrag binne en buite die klas getuig van sy/haar begeerte om deel te wees van die skool en daarom tree hy/sy altyd beleefd, vriendelik en met respek op.

Indien 'n leerder aan 'n buite-kurrikulêre aktiwiteit deelneem sal van hom/haar verwag word om sy/haar verpligtinge aangaande die aktiwiteit, gedurende die seisoen, met deursettingsvermoë en ywer na te kom.

3.21 Akademiese oortredings

Ouers/voogde kan ook op die rapport sien watter akademiese oortredings deur personeel aangemeld is, bv:

- Huiswerk nie gedoen nie
- Leermateriaal nie in die klas nie.
- Laatkom vir klas.
- Herhaalde verontagsaming van sperdatums vir portefeuljes.

- Versuim om ekstra klas by te woon.
- Versuim om toetse ens. geteken in te handig.

Die vakonderwyser is verantwoordelik vir die hantering van oortredings van akademiese aard. Die vakonderwyser kontak die ouer na 3 huiswerkoortredings. Die onderwyser kan remediërende strafwerk, pouse-detensie of ander strafmaatreëls instel. Die onderwyser sal ook die ouers/voogde van die leerder kontak sodat die probleem aangespreek en opgelos kan word.

3.22 Algemene veiligheid

- Leerders mag geen gevaarlike wapens skool toe bring nie.
- Indien leerder skokapparaat of “pepperspray” skool toe bring moet die leerder dit by die administratiewe kantoor in die oggend inteken en aan die einde van die dag uitteken.

4. OORTREDINGS WAT KAN LEI TOT TYDELIKE SKORSING OF PERMANENTE UITSETTING (Deur òf op aanbeveling van die Beheerliggaam)

4.1 Skedule 1 en 2-oortredings (soos bepaal deur Skolewet: Wet 84 van 1996, General Notice 6903 of 2000 – Amended by GN 2591 of 2001)

'n Ovie met integriteit maak hom nie skuldig aan die volgende gedrag nie:

SKEDULE 1 (moontlike skorsing)

'n Leerder sal skuldig wees aan wangedrag indien hy of sy, opsetlik en sonder regverdige verskoning:

- a. die onderrig- of leerproses in 'n klas ernstig bedreig, ontwig of frustreer.
- b. aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur middel van kollektiewe optrede te ontwig.
- c. die menswaardigheid van 'n persoon aantas deur hom te beledig of te belaster, vloektaal, en/of rassistiese aanmerkings teenoor die persoon te maak en/of van die persoon te skinder/haatspraak/seksisme.
- d. enige toets – of eksamenmateriaal versprei wat enige ander persoon in staat mag stel om 'n onregverdige voordeel in 'n toets of eksamen te verkry.
- e. in 'n toets of eksamen oneerlik optree.
- f. op enige wyse onweloweglik in die openbaar optree.
- g. enige ander persoon seksueel lastig val.
- h. in besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei.
- i. onder die invloed van alkohol verkeer of alkohol besit.
- j. in bakleiery betrokke is (minder ernstig van aard).
- k. 'n toeskouer by 'n bakleiery is.
- l. enige negatiewe kommentaar op sosiale media (bv. WhatsApp, Facebook, YouTube ens.) versprei.

SKEDULE 2 (moontlike permanente uitsetting)

'n Leerder sal aan wangedrag skuldig bevind word indien hy of sy:

- a. skuldig bevind word aan wangedrag soos bedoel in **Skedule 1**, nadat hy of sy by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is;
- b. versuim om aan 'n bestraffing van skorsing (3 dae) as korrektiewe maatreël te voldoen; of
- c. opsetlik en sonder regverdigte verskoning:
 - i. enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensieële nadeel van die skool.
 - ii. handel dryf met enige toets- of eksamenvraestel of enige toets- of eksamenmateriaal.
 - iii. iemand probeeromkoop/koop iemand om ten opsigte van eksamens/toetse om homself/haarself of enige ander persoon 'n onregverdigte voordeel bo ander te gee.
 - iv. hom of haar aan bedrog skuldig maak/die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit.
 - v. hom of haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree.
 - vi. in besit gevind word van enige onwettige middels/skadelijke middels (insluitend sintetiese dwelmiddels), of positief daarvoor getoets word, of dit gebruik of daarmee handel dryf.
 - vii. in besit, dreigement of gebruik van enige gevaarlike wapens.
 - viii. enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand.
 - ix. enige persoon as gyselaar aanhou.
 - x. enige persoon vermoor.
 - xi. enige persoon verkrag.
 - xii. onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool eiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit.
 - xiii. enige ander persoon boelie (emosioneel en fisies).
 - xiv. viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders.
 - xv. enige opname maak of 'n opname op sosiale media (bv. WhatsApp, Facebook, YouTube ens.) versprei van negatiewe optrede by die skool en so die skool se beeld benadeel.

Indien 'n leerder hom/haar na bewering skuldig maak aan enige Skedule 2 oortreding sal oorweging geskenk word aan tydelike skorsing vir 'n maksimum tydperk van 7 dae, hangende 'n verhoor deur die Dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam.

Die Hoof of die Beheerliggaam kan te enige tyd addisionele huishoudelike reëls neerlê.

4.2 Sanksie van skorsing of permanente uitsetting

Ernstige minagting van die skool se gedragskode kan 'n dissiplinêre verhoor tot gevolg hê. Die Dissiplinêre Komitee, soos vereis en saamgestel deur die Skolewet, is

verantwoordelik vir die verhoor. 'n Dissiplinêre verhoor kan lei tot 'n sanksie van skorsing vir 'n maksimum tydperk van 7 dae of 'n aanbeveling van permanente uitsetting. Skorsing of 'n aanbeveling van permanente uitsetting kan ook opgeskort word vir 'n maksimum tydperk van 12 maande op die voorwaarde/s wat die komitee oplê. Die dissiplinêre komitee kan ook enige ander sanksie oplê soos voorgeskryf in hierdie gedragskode.

Indien 'n leerder skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding kan dit lei tot aanbeveling van permanente uitsetting.

Die uitstel van tugverhore en dissiplinêre verhore is teenproduktief en verhoog spanning by alle partye. Dit moet vermy word en sal nie onbepaald uitgestel word nie.

Tydens dissiplinêre verhore sal leerders wat as getuies optree en wat vrees vir intimidasie, toegelaat word om in kamera te getuig.

Sou die Skedule 1-oortreding egter van minder ernstige aard wees (binne die oordeel van die hoof) kan 'n interne tugsitting gehou word. Die interne tugkomitee bestaan uit die volgende persone: Prinsipaal, Dissiplinehoof, Graadhoof/Akademiese hoof en VLR-lid.

4.3 Ewekansige deursoeking, beslaglegging en dwelmtoetsing

Deursoeking en beslaglegging berus op die beginsels van logika en gesonde verstand. Dit is 'n prosedure wat binne die beperkinge van 'n *in loco parentis*-verhouding tussen die opvoeder en die leerder plaasvind. Die klem val op die uitwys van 'n dwelmprobleem, en leerders wat aan middelafhanklikheid ly, moet ingevolge die stelsel bystand ontvang. Die riglyne is daarop afgestem om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te skep wat toegewy is aan die verbetering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

Die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde kan 'n groep leerders ewekansig deursoek slegs nadat 'n billike en redelike vermoede vasgestel is (artikel 8A(2)).

Dwelmtoetsing sal op gereelde basis by die skool gedoen word.

5. OPTREDE IN GEVAL VAN OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE DEBIETPUNTESTELSEL

'n Ovie besef dat onaanvaarbare optrede altyd gevolge inhou. Tug word as opvoedkundige hulpverlening beskou en het altyd die voordeel en welsyn van die Ovies, die skool en die gemeenskap ten doel. Dit beskerm hierdie verskillende rolspelers in ons skoolgemeenskap. Om die probleem vroegtydig raak te sien, aan te spreek, en verbetering te monitor, is dit nodig om rekord te hou. By die skool geskied dit deur die debietpuntestelsel. Oortredings word op 'n dissiplinêre strokie aangeteken en gekonsolideer. Debietpunte is kumulatief en bly op rekord.

DEBIETPUNTE

PUNT	OMSKRYWING
5	Bring nie skeurbriewe terug nie
5	Toetse/eksamenvraestelle nie geteken nie
5	Boeke/toerusting/toetse/eksamens/portefeuljeleër nie in die klas nie.
5	Huiswerk nie gedoen nie
5	Laat vir klas sonder verskoning
10	Laat vir skool sonder verskoning
10	Eet, drink, kou in klas
10	Rommelstrooiing
10	Steek ander se eiendom weg
10	Steurende gedrag (Eerste oortreding)
10	Voorkomsreëls nie nagekom nie. Geld elke dag
20	Portefeuljewerk/-opdragte nie ingehandig nie – vir meer as een week uitstaande. Vakonderwyser kontak ouer na 3de keer.
20	Klasreëls nie nagekom nie
20	Verbode terrein
20	Loop rond sonder 'n pas
20	Steurende gedrag (Tweede oortreding)
20	Parmantig met VLR
20	Liefkosing (soen, hande vashou, omhels)
20	Gesels/wangedrag tydens opening/saal
40	Onaanvaarbare taal, vloek of kwetsende opmerking maak
40	In teenwoordigheid van rokers
40	Steurende gedrag (Derde oortreding)
40	Vertel leuens
40	Disrespekvolle optrede teenoor mede-leerder
40	Vandalisme bv. krap op banke
40	Gesag van onderwyser/VLR minag
60	In besit van rooktoerusting. Onderwyser konfiskeer.
60	Klas of toesigklas, saalopening of vierkantsopening ontduik/"bunk"
60	Disrespekvolle optrede teenoor 'n onderwyser
60	Wangedrag tydens sport/skoolaktiwiteite
100	Skoolontduik
100	Weier om selfoon in te gee
100	Oneerlik optree in 'n toets/eksamen/portefeulje

**TYDELIKE SKORSING vind onmiddellik plaas
Mag slegs deur HOOF goedgekeur word.
(ouers word gekontak in elke geval en gee skriftelike kennisgewing)**

PUNT	OMSKRYWING
	Elke keer wat 'n leerder rook in skooluniform. Leerder word 3 dae tydelik geskors.
	Aanhoudende ontwrigting van klasse (nadat met ouers vergader is). Leerder word 3 dae tydelik geskors.
	300+ debietpunte word leerder 3 dae tydelik geskors.
	300+ debietpunte in kwartaal 4 , ekstra detensie (geen tydelike skorsing in kwartaal 4)
Verdere optrede rakende debietpunte	
	400+ debietpunte. Dissiplinêre verhoor met Beheerliggaam.

- Wanneer 'n leerder 100+ debietpunte het, word 'n skriftelike kennisgewing aan die ouer uitgereik en die leerder ontvang detensie.
- Wanneer 'n leerder 200+ debietpunte het, word 'n skriftelike kennisgewing aan die ouer uitgereik en die leerder ontvang detensie en daar sal 'n gesprek (telefonies of persoonlik) tussen graadhoof en ouers wees.
- Wanneer 'n leerder 300+ debietpunte het, word die leerder vir 3 dae tydelik geskors.
- Wanneer 'n leerder 300+ debietpunte in kwartaal 4 het, ontvang die leerder 'n ekstra detensie. (geen tydelike skorsing in kwartaal 4 nie)
- Wanneer 'n leerder 400+ debietpunte het ontvang die leerder 'n kennisgewing vir 'n dissiplinêre verhoor met Beheerliggaam.
- Na afloop van 'n verhoor mag 'n leerder nie meer as 50 debietpunte akkumuleer nie. In so 'n geval sal die verhoorsanksie in werking tree.

INDIEN 'N LEERDER TYDELIK GESKORS IS GELD DIE VOLGENDE VIR DIE TYDPERK VAN SKORSING:

- Die leerder mag aan **geen** aktiwiteite deelneem nie. (kurrikulêr of buitekurrikulêr)
- Die leeder ontvang geen punte vir opdragte/toetse nie.
- Die leerder is self verantwoordelik om die verlore werk in te haal.
- Indien die tydelike skorsing in die eksamentydperk plaasvind, sal die leerder wel toegelaat word om eksamen te skryf, maar met spesiale voorskrifte.

**Verdere verduideliking van moontlike strawwe wat vir oortredings opgelê word:
(soos deur die Hoof/Dissiplinêre Komitee bepaal)**

- Detensie – sien bylaag D
- Gemeenskapsdiens tydens/na skool
- Instandhouding van skoolterrein
- Die ontnem van voorregte soos deelname aan die skool se aktiwiteite en funksies (bv. Matriekafskeid, toere en uitstappies). Indien leerder 200 debietpunte het word die voorregte ontnem.
- Skedule 2-oortreding impliseer 'n onmiddellike verhoor.
- Leerders wat nie die gedragskode van die skool onderhou nie, verbeur die voorreg om hulself vir die Verenigde Leerderraad (VLR) van die skool verkiesbaar te stel. (Skedule 1 of 2-oortreding of 100 debietpunte)

- g. Enige ander optrede soos deur die gesagstrukture van die skool bepaal.
- h. Vir sekere oortredings word daar die volgende skutfooie/heffings verhaal:
- Foutiewe kleredrag, soos truie, serpe, musse en kouse wat verkeerd gedra word, en juwele word gekonfiskeer. Skutfooie R10 per item.
 - Gekonfiskeerde items kan (met betaling van die nodige skutfooie) op die eerste Vrydagmiddag na die verstryking van 7 dae na konfiskering by die dissiplinehoof afgehaal word. Skutfooie is NIE terugbetaalbaar nie.
 - Wangebruik van selfoon: Heffing R100
Die betrokke heffing moet by die finansiële kantoor inbetaal word. Gekonfiskeerde selfone kan met die toon van die kwitansie by die dissiplinehoof afgehaal word. Selfone kan slegs 24 uur nadat dit gekonfiskeer is en aan die **einde** van die volgende skooldag deur leerders afgehaal word.

SKOOLAKTIWITEITE/KAMPE/UITSTAPPIES

Leerders mag nie op uitstappies/kampe/Matriekafskeid gaan indien:

- 200+ debietpunte
- Tydelik geskors is deur die jaar
- Skedule 1- of 2-oortreding
- By enige dissiplinêre verhoor betrokke was/is nie

LEIERSKAP

LET WEL dat 'n leerder nie op die nominasie lys vir die verkiesing van leiers kan dien as die volgende reëls oortree word nie:

- 100+ debietpunte
- Tydelik geskors is deur die jaar
- Druip
- Skedule 1- of 2-oortreding
- By enige dissiplinêre verhoor betrokke was/is nie

6. KREDIETPUNTE VIR SKOOLAKTIWITEITE

'n Trotse Ovie wat deel is van die skool en graag aan aktiwiteite deelneem word beloon.

KREDIETPUNTE		
AKTIWITEIT	INLIGTING	PUNT
DEELNAME AAN SPORT	Oefeninge en wedstryde	
Landloop (2 seisoene)	10 oefeninge/wedstryde	25
Bergfiets	20 oefeninge/wedstryde	50
	30 oefeninge/wedstryde	75
	40 oefeninge/wedstryde	100
Atletiek (Voor en seisoen), Swem (Voor en seisoen), Krieket (Somer en seisoen)	5 oefeninge/wedstryde	25
	10 oefeninge/wedstryde	50
	15 oefeninge/wedstryde	75
Rugby, Netbal, Hokkie, Sagtebal, Sokker, Skaak, Tafeltennis, 7's Rugby, Gholf, Equestrian, Tennis	20 oefeninge/wedstryde	100
Noodhulp	0-6 ure diens	5
	7-12 ure diens	10
	13-18 ure diens	15
	19 plus ure diens	20
DEELNAME AAN KULTUUR	85% oefeninge en kompetisies	
Revue, Drama, Ovie-Vibz, Klankspan, Junior Stadsraad		100
Verkyker-redaksie, ATKV- jeugtak		25
Koor (2 x per jaar)		100
Oviemob		170
Redenaars, Van Huyssteens Spelling-Bee, Vasvra	Per rondte	5
Prysuitdeling: Kultuur: Kunste- fees		
Maroen		5
Silwer		10
Goud		15
Goud – hertoekenning		20
Ovie-kultivaria inskrywing		5
Kultuuraand deelname		5
Mnr. en Mej. Ovie		50
AKADEMIE		
Gemiddeld bo 75%	Kwartaal 1,2 en Jaarpunt	50
Deelname aan Akademiese Kompetisies	Olimpiade, Expo, Brugbou (Per rondte)	5
Provinsiale expo		10
GEDRAG		
Waardes uitleef	Bv. Integriteit – meld oneerlikheid aan	25
100% Skoolbesoek	Kwartaal 1, 2, en 3 (indien 7 dae laat	25

	word geen erkenning gegee nie)	
Geen Debietpunte	Per kwartaal	25
Dienslewering	60 minute plus	5
Ondersteuning en Bywoning	Kultuur/sport	5

Riglyne van belonings wat uitgereik word

Erkenning word kwartaaliks aan leerders gegee. Leerders ontvang 'n beloning.

- a. Kwartaal een 200+ kredietpunte
- b. Kwartaal twee 400+ kredietpunte
- c. Kwartaal drie 600+ kredietpunte
- d. Kwartaal vier 750+ kredietpunte

Kredietpunte word na afloop van die betrokke aktiwiteit opgedateer.

Leerders ontvang erkenning vir kredietpunte op die debietstelsel. Vir elke 50 kredietpunte ontvang die leerder 10 krediete wat van die debietpunte afgetrek word.

7. BYLAAG A

VOORKOMSREËLS

Voorkoms is 'n deurlopende aksie. Leerders **moet dus te alle tye wanneer skooldrag gedra word – selfs voor en na skool en veral in die publiek – aan die vereistes voldoen** en nie net op die dag van voorkomskontrolle nie. Die skool behou hom die reg voor om te enige tyd wat dit nodig geag word, voorkomskontrolle te doen of individuele leerders oor voorkoms aan te spreek ten einde eenvormige standarde te verseker. Oortredings sal gerekordeer word. Reëls ten opsigte van voorkoms, geld in dieselfde mate vir alle leerders. Voorkomsreëls geld ook wanneer leerders vir ekstra klasse kom. **Uitsonderings is dus onbillik.**

ALGEMENE REËLS

- Seuns en dogters moet op die dag wat die skool begin reeds aan die vereistes voldoen sodat dit nie nodig is om hulle eers aan te spreek nie.
- Kleredrag moet te alle tye voldoen aan die neergelegde vereistes soos uiteengesit in die voorkomsreëls. Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Skoene moet altyd skoon wees.
- Voorkomsreëls geld tot die laaste skooldag van elke kwartaal, ook aan die einde van die jaar.
- Somers- en wintersdrag mag nie gekombineer word nie.
- Sweetpakbaadjies of windjakkies mag nie gedra word as plaasvervanger vir 'n trui of baadjie nie.
- SLEGS die Ovie T-hemp, Ovie-broek of Overkruin-sweetpak en tekkies word na sportbyeenkomste gedra.
- Leerders van eerste spanne word op Vrydae toegelaat om die eerstespanbaadjie aan te trek.
- Geen tong- of neusringe of ander “piercings” word toegelaat nie. Indien 'n leerder dit dra, sal hy/sy dit onmiddellik moet uithaal en dit sal geskut word. Geen pleister, of iets dergelyks, mag oor die ooring of ander juweliersware geplak word om dit toe te maak nie.
- Tatoeëermerke mag nie tydens die skooldag en skoolaktiwiteite sigbaar wees nie.

DOGTERS

SOMERSDRAG

***Somersdrag is verpligtend vanaf 1 September.**

- Bloes: Getaileerde liggrys oopnekbloes met skoolwapen op linkersak gedruk. Bloesie mag nie ingesteeek word nie.
- Geen gekleurde of kant onderhemp mag onder skoolhemp gedra word nie.
- Romp: Maroen, kleur 45205. Die romp mag nie verder as 10cm van die grond af wees as die leerder kniel nie. Rompsbande mag nie omgerol of verwyder word om die rompe korter te laat vertoon nie. Rompe mag nie afgewerk word nie.

- Trui: Maroen langmoutrui met die woorde **Hoërskool Overkruin** in goud op die linkerkant geborduur. Moue mag nie opgerol/opgeskuif word nie. Truie mag nie oor die skouers of om die lyf gedra word nie.
- Oortrektrui: Maroen trui met die woorde **Hoërskool Overkruin** in goud op die linkerkant geborduur. Matrieks mag die matriek oortrektrui dra.
- Kouse: Maroen sokkies. Sokkies moet kort omgevou wees.
- Skoene: Swart skoene met bandjie of die voorgeskrewe Buccaneer-toerygskoene. Opgeboude platformskoene word nie toegelaat nie.

WINTERSDRAG

*** Wintersdrag is verpligtend vanaf 15 Mei.**

- Hemp: Liggrys toeknooploungmouhemp met skoolwapen op die linkersak gedruk.
- Romp, trui en skoene: Soos by somersdrag.
- Kouse: Maroen broekiekouse (Decitex 78) of maroen kniekouse. Broekiekouse mag nie geskeer of geleer en vol gate wees nie.
- Das: Maroen das met skoolwapen. Matrieks mag matriekdas dra.
- Baadjie: Maroen baadjie met skoolwapen (kleur 47250) – VERPLIGTEND
- Langbroek: Slegs die voorgeskrewe dogterslangbroek met **GEEN** gordel. Langbroek mag slegs in die winter gedra word.
- Serp: SLEGS die voorgeskrewe maroen skoolserp.
- Geen komberse mag gedra word nie.

SPORTDRAG

Die voorgeskrewe drag vir die onderskeie sportsoorte word op die Ovie-webwerf uiteengesit.

HARE

- Hare moet netjies en skoon wees. Die natuurlike haarkleur mag nie deur middel van 'n kleurproses verander word nie. Haarverlengstukke moet ook dieselfde kleur as die natuurlike haarkleur wees.
- Hare wat oor die kraag hang, moet in 'n poniestert vasgemaak word.
- Kuiwe wat oor die wenkbroue hang, moet stewig vasgemaak of vasgesteek wees. Geen los slierte voor die ore word toegelaat nie, dus moet alle hare/slierte vasgemaak wees.
- Slegs wit, maroen, bruin of swart haarbykomstighede (lintjies, kammetjies en bolletjies) mag gedra word. Knippies moet dieselfde kleur as jou hare wees. GEEN versierings, bv. Strikkies, skoenlappers, diamanté, blomme ens. nie. Slegs een wit, maroen, bruin of swart "alice band" of kopband nie breër as 5cm nie, mag gedra word.
- "African" hare mag in reguit lyne, plat teen die kop, gevleg word; die punte van die vlegsels/toutjies in die nek mag nie langer as 2cm wees nie. Indien dit langer is moet dit in 'n poniestert vasgemaak word. Geen patrone is toelaatbaar nie.

LET WEL: Haarreël-oortredings moet binne 2 (twee) dae reggestel word.

JUWELE

- Geen juwele soos ringe, armbande (rekkies of leer) of kettings word toegelaat nie.
- Ooringe: Slegs knoppies (goud of silwer) of standaard ringetjies (goud of silwer) mag gedra word en slegs **een** per oor in die onderste gaatjie. Die Overkruin oorbel mag gedra word.
- Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie. Geen pêrel-oorbelle mag gedra word nie.
- Slegs polshorlosies word toegelaat.
- Die dra van liggaamsjuwele (bv. neus-, tong- en wenkbroujuwele) is verbode.
- Juwele wat met enige geloof verbind word is ook ontoelaatbaar.

NAELS

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.

GRIMERING

- Geen maskara, oogomlyner, lipglans en blosser word toegelaat nie.

BOGENOEMDE VOORKOMSREËLS GELD BY ALLE SKOOLFUNKSIES WAAR SKOOLDRAG GEDRA WORD.**SEUNS****SOMERSDRAG**

***Somersdrag is verpligtend vanaf 1 September.**

- Hemp: Liggrys oopnek hemp met skoolwapen op linkersak gedruk.
- Broek: Gryns kort- of lang- skoolbroek, elk met eie gordel (swart of gryns).
- Langbroek: Broekspye van langbroeke mag nie verstel word om wyer of nouer na onder te loop nie. Langbroeke se lengte (agter) strek tot op die sool van die skoen, d.w.s. nie meer as een vou op die voorkant van die skoen nie.
- Gordel: Slegs swart of gryns gordels met 'n gespe wat nie breër as die gordel is nie, moet gedra word. Modegespes of klinknael-gordels word nie toegelaat nie. Gespes moet nie 'n opvallende motief hê nie.
- Trui: Maroen langmoutrui met die woorde **Hoërskool Overkruin** in goud op die linkerkant geborduur. Moue mag nie opgerol/opgeskuif word nie. Truie mag nie oor die skouers of om die lyf gedra word nie.
- Oortrektrui: Maroen trui met die woorde **Hoërskool Overkruin** in goud op die linkerkant geborduur. Matrieks mag die matriek oortrektrui dra.
- Kouse: Gryns skoolkouse met 2 maroen strepe. Kouse moet te alle tye opgetrek wees wanneer kortbroek gedra word.
- Skoene: Swart standaard toerug skoolskoene. Geen hofskoene, stewels of tekkies nie.
- Slegs 'n wit onderhemp met 'n **V-nek**, mag gedra word. Die onderhemp mag onder geen omstandighede sigbaar wees nie.
- Broek moet om die middel gedra word en mag nie afgetrek word nie.

WINTERSDRAG

***Wintersdrag is verpligtend vanaf 15 Mei.**

- Hemp: Liggrys langmouhemp.
- Broek: Liggrys langbroek.
- Trui, skoene en kouse: Soos by somersdrag.
- Baadjie: Maroen baadjie met skoolwapen (kleur 47250) - VERPLIGTEND.
- Das: Maroen das met skoolwapen. Matrieks mag matriekdas dra.
- Serp: SLEGS die voorgeskrewe maroen skoolserp.
- Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word.

SPORTDRAG

Die voorgeskrewe drag vir die onderskeie sportsoorte word op die Ovie-webwerf uiteengesit.

HARE

- Hare moet netjies geknip wees. Hare bo-op kop moet nie langer as 5cm wees nie.
- Die natuurlike haarkleur mag nie deur middel van 'n kleurproses verander word nie.
- Die gedeelte direk om die ore moet skoongeknipt wees. Hare mag nie die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
- Wanneer die hare afgekam word, moet dit nie die wenkbrou raak nie.
- Hare moet agter en aan die sykant reëlmatig opgesny word.
- Hare mag nie uitermatig van die kop af wegstaan nie.
- Geen "undercut" word toegelaat nie.
- Die wangbaard mag tot by die middel van die oor strek.
- Seuns moet te alle tye glad geskeer wees. As die reël oortree word, sal die leerder gestuur word om te skeer.

LET WEL: Haarreël-oortredings moet binne 2 (twee) dae reggestel word.

JUWELE

- Geen juwele soos ringe, oorbelle, armbande of kettings mag gedra word nie.
- Die dra van liggaamsjuwele (bv. neus-, tong- en wenkbroujuwele) is verbode.
- Juwele wat met enige geloof verbind word is ook ontoelaatbaar.

BOGENOEMDE VOORKOMSREËLS GELD BY ALLE SKOOLFUNKSIES WAAR SKOOLDRAG GEDRA WORD.

AMPTELIKE BAADJIE

- Maroen baadjie met skoolwapen op linkersak gedruk.
- Matriekleerderraad (MLR): Maroen baadjie met goue koord.
- Slegs balkies en ander toekennings wat deur Hoërskool Overkruin toegeken is, mag op die skoolbaadjie gedra word. Geen ander balkie, toekenning of medalje (hoe verdienstelik ook al) mag op die skoolbaadjie gedra word nie.

8. BYLAAG B

ROOKBELEID

Die Hoërskool Overkruin

- Erken die Wetgewing wat rook verbied aan kinders onder 18 jaar, en erken dat werknemers van die staat en van die skool, leerders en besoekers die reg het om in 'n aangename omgewing in die skoonste lug moontlik te werk, studeer en sake te doen.
- Verwag dat alle werknemers, leerders en besoekers die regulasies ten opsigte van rook en die gebruik van tabakprodukte (sluit e-sigarette en hubblies in) by die skool sal nakom.

Gebiede waar rook verbode is

- Al die geboue, insluitend die ingangsportale, gange, trappe, stoepe, kledkamers en pawiljoene van die Hoërskool Overkruin word as rookvrye areas beskou.
- Rook deur leerders word onder **geen** omstandighede op enige deel van die skool se terrein toegelaat nie.

Verantwoordelikheid

Dit is primêr die verantwoordelikheid van bestuur in die skool om te verseker dat die beleid met betrekking tot rook nagekom word.

Persone wat weier om die beleidsbepalings van die skool se tugkode na te kom, sal waar van toepassing, onderdanig wees aan die en/of die strawwe wat die Wet bepaal.

Besoekers wat weier om die beleid te gehoorsaam sal toegang tot die perseel geweier word.

Optrede teenoor leerders wat in skooluniform rook

- Elke keer wat 'n leerder in sy skooluniform rook sal die leerder 3 dae tydelik geskors word.
- Leerders in die teenwoordigheid van rokers ontvang 40 debietpunte.
- Leerders wat in besit van rooktoerusting (sluit e-sigarette en hubblies in) is, ontvang 60 debietpunte. Die rooktoerusting word gekonfiskeer.

9. BYLAAG C

SELFOONBELEID

Daar kan op twee wyses na selfone in skole, ook by die Hoërskool Overkruin, verwys word:

1. Dit is 'n noodsaaklike kommunikasie-middel tussen die leerder en sy ouers.
2. Dit is 'n euwel wat groot probleme vir die leerders, die skool en sy personeel inhou.

Ordereëlings met betrekking tot leerders se selfone:

- a. Selfone is duur en dit kan maklik wegraak. Daarom verkies die skool dat dit tuis gelaat word.
- b. Waar dit vir leerders noodsaaklik is om selfone by hulle te hê, geld die volgende:
 - Leerders is te alle tye verantwoordelik vir hulle eie selfone. Selfone moet nooit op plekke gelaat word waar dit verwyder of gesteel kan word nie. Selfone mag dus nooit in tasse of sportsakke gelaat word nie en moet verkieslik aan die lyf gedra word – met uitsondering van EKSAMENS en TOETSE.
 - Selfone MOET altyd afgeskakel wees vanaf 07:20-14:00/Vrydag 13:30, dus tydens:
 - saalopening
 - vierkantopening
 - in die klaskamer
 - pouse
 - tydens klaswisseling
 - waar toetse en eksamens geskryf word.
 - Selfone mag glad nie gebruik word om skoolreëls te omseil nie. Wanneer 'n leerder byvoorbeeld, om 'n geldige rede huis toe moet gaan, of gehaal word, moet die korrekte prosedure gevolg word. Die adjunkhoof/dissiplinehoof moet eers genader word en indien hy/sy goedkeuring verleen, mag die ouers geskakel word.
 - Enige gebruik van selfone strydig met hierdie ordereëlings sal daartoe lei dat die selfoon deur die skool in veilige bewaring geneem en in die kluis toegesluit word. 'n Heffing van R100 moet by die finansiële kantoor inbetaal word om die gekonfiskeerde item terug te kry of leerder kan detensie sit om foon terug te kry.
 - Die heffing kan eers aan die einde van die skooldag betaal word voordat die foon aan die einde van die skooldag in ontvangs geneem word of die leerder moet **eers** detensie sit voordat die foon aan die leerder teruggegee sal word. (Detensie is slegs op sekere Dinsdae)
 - Die kwessie van onderrigtyd in die klaskamer is vir die skool en sy personeel van die uiterste belang, daarom dat tydverkwisting – veral met betrekking tot selfone en die gebruik daarvan tydens klastye – te alle koste vermy moet word.
 - Die reëls op selfone, geld ook vir CD-spelers, MP3-spelers, I-pods, oorfone en ander elektroniese toerusting.
 - Afneem van insidente is ONTOELAATBAAR. Plasing van insidente op Facebook, Youtube ens. sal as 'n kategorie 2 oortreding hanteer word.

10. BYLAAG D

DETENSIE

1. Detensieklasse word geskeduleer vir leerders wat akademies en dissiplinêr oortree. Leerders wat die leerkultuur op enige wyse ontwig, word na so 'n detensieklas verwys.
2. Detensie word deur graadhoof/dissiplinehoof/adjunkhoof/hoof opgelê op grond van inligting wat deur die onderwyserkorps aan hulle verskaf word.
3. Leerders word gewoonlik op Donderdae van die detensie in kennis gestel, wat dan die daaropvolgende **Dinsdag van 14:15-16:15** sal plaasvind.
4. Leerders wat nie by die detensie opdaag nie, se oortreding word in 'n baie ernstige lig beskou. Leerders ontvang 'n ernstige waarskuwing en moet dan die volgende **Dinsdag van 14:15-16:15** die detensie bywoon. Indien u kind nie opdaag vir die detensie nie, word die saak na die Beheerliggaam verwys. Leerders se deelname aan alle buitemuurse aktiwiteite word ook opgeskort totdat die detensieklas bygewoon is.
5. Indien 'n leerder afwesig is, word slegs 'n mediese sertifikaat as verskoning aanvaar en word die detensie vir die volgende **Dinsdag** opgelê. Indien 'n mediese sertifikaat nie aangebied kan word nie, word daar aanvaar dat die detensieklas ontduik is.
6. Ouers moet hulle vervoerreëlings dus so aanpas dat 'n leerder die volle duur van die detensieklas kan bywoon.
7. Geen uitstel word vir detensieklasse gegee nie. Ouers moet nie afsprake vir lisensies, doktersbesoeke, ekstra klasse ens. op daardie betrokke dag maak nie. 'n Leerder word ook nie toegelaat om gedurende detensietyd aan kulturele aktiwiteite of aan sport deel te neem nie.
8. Leerders moet 14:10 by die detensieklas (kamer 2, 3 en 4) aanmeld.
9. Leerders moet netjies in skooldrag geklee wees.
10. In die detensieklas moet die leerders huiswerk doen/opsommings maak/gedragskode uitskryf, waarna die leerder om 16:15 die klas mag verlaat.
11. Geen drink- en eetgoed of selfone mag in die lokaal ingeneem word nie. Leerders mag ook nie tydens hierdie sessies praat nie.
12. Sien die gedragskode vir meer inligting i.v.m. 300+ debietpunte.

Verdere verduideliking vir moontlike detensieklasse:

(soos bepaal deur graadhoof/dissiplinehoof/adjunkhoof/hoof)

- 100+ debietpunte
- 200+ debietpunte
- Ander rede (bepaal deur hoof en dissiplinehoof)
- Sanksie na afloop van verhore

11. HANDTEKENINGE

MNR. R.J. FAGAN
BEHEERLIGGAAM VOORSITTER

DATUM: 2021-02-01

MNR. P.J. NEL
HOOF

DATUM: 2021-02-01

VERKLARING DEUR OUER/VOOG EN LEERDER

ONS VERKLAAR:

1. Dat ons die gedragskode gelees het en die inhoud verstaan.
2. Dat ons die bylae gelees het en die inhoud verstaan.
3. Dat ons die gedragskode aanvaar en daarby sal hou.
4. Dat ons aanvaar dat daar teenoor die leerder opgetree mag word binne die Gedragskode.

ONDERTEKEN TE _____ (PLEK) OP HIERDIE _____ DAG

VAN _____ (MAAND) IN DIE JAAR 2021.

NAAM EN VAN VAN LEERDER: _____

GRAAD: _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG:

VADER: _____

MOEDER: _____

HANDTEKENING VAN LEERDER:

LEERDER: _____

Die LIEFDE bedek alles,

Glo alles,

Hoop alles,

Verdra alles ...

(1 Korinthiërs 13:7)

